- ▶ Swartvlek (*Guignardia citricarpa*), *Alternaria* bruinvlek (*Alternaria alternata*) en Botrytis bloeiselsversenging (*Botrytis cinerea*) in sitrus.
- ▶ Bloeiselskroei / Bruinvrot (*Monilinia laxa*), Grys skimmel (*Botrytis cinerea*) en Poeieragtige meeldou (*Sphaerotheca pannosa*) van steenvrugte: Appelkose, Nektarienes, Perskes en Pruime.
- ▶ Laatroes (*Phytophthora infestans*) op tamaties.
- ▶ Antraknose (*Colletotrichum* spp.), Cercospora blaavlek (*Cercospora* spp.), Poeieragtige meeldou (*Erysiphe* spp.), Roes (*Puccinia* spp.), Saaling-wortelvrot of Basale stingelverrotting (*Rhizoctonia solani*) op tropiese vrugte (grenadella, koejawel, lietsjie, papaja en Tamatiepruim ("persimmon").
- ▶ *Alternaria*-vlek (*Alternaria porri*) en Stemphylium-blaavlek (*Stemphylium vesicarium*) op uie.
- ▶ Dons-skimmel (*Plasmopora viticola*) en Poeieragtige meeldou (*Uncinula necator; Oidium tuckeri*) op wingerd; tafel- en wyndruif kultivars.

WAARSKUWINGS

Skadelik indien ingesem
Mag allergiese velreaksie veroorsaak
Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge

Onthoudingsperiodes (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes):

- ▶ Aartappels 7 dae
- ▶ Avokado's 28 dae
- ▶ Bessies, (bloubessie, braambessies, bosbessie, doubessies (insluitende boysenbessie en loganbessie), appelliefies, frambose, swartbessies en korente) 1 dag
- ▶ Droë Bone 45 dae
- ▶ Granate 100 dae
- ▶ Kanola 30 dae
- ▶ Koring en Gars (moenie koring en gars bewei nie) 60 dae
- ▶ Koolgewasse (Brassica) 14 dae
- ▶ Mango's 21 dae
- ▶ Mielies en Suikermielies 7 dae
- ▶ Rankgewasse (Cucurbits) 3 dae
- ▶ Rissies 14 dae
- ▶ Steenvrugte (appelkose, nektarienes, perskes en pruime) 1 dag
- ▶ Sitrus (Suurlemoene uitgesluit) 77 dae
- ▶ Sitrus (Suurlemoene) 14 dae
- ▶ Tamaties 7 dae
- ▶ Tropiese vrugte 1 dag
- ▶ Uie 20 dae
- ▶ Wingerd, Tafel- en Wyndruif 14 dae

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes en toedieningsmetodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoereisies van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel word bestem is vir uitvoer, raadpleeg die betrokke

in- of uitvoerder rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **OBSTRUCTO 250 SC** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **OBSTRUCTO 250 SC** moet eers op nuwe kultivars getoets word voordat dit oor groot areas aangewend word.

Herbetredingsinterval: Moet nie behandelde gebied binnegaan voordat die spuitneerslag neergedal het / droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.

Hou buite bereik van kinders.

Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.

Vermy inaseming van stuifsel/dampe/spuitstof.

Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.

Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.

Vermy vrystelling in die omgewing.

Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.

INDIEN OP VEL: Was met baie seep en water. Kry mediese hulp.

Indien velirritasie of uitslag ontstaan: Kry mediese hulp.

INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Kry mediese hulp.

Vir spesifieke behandeling, verwys na die noodhulpbehandeling op hierdie etiket.

Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.

Maak stortsel bymekaar.

Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou houer dig toe.

Raak ontslae van inhoud en houer volgens nasionale regulasies.

SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houer om oor 'n meng- of spuittenk en laat vir ten minste 30 sekondes leegloop totdat die vloeï stadiger word tot 'n gedrup. Spoel die leë houer drie maal met skoon water gelyk aan 'n minimum van 30 % van die volume van die houer. Voeg spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Bied houer aan vir herwinning of perforeer dit en raak daarvan ontslae by 'n gemagtigde opvulterrein (www.croplife.co.za). Moenie houer vir enige ander doel gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Asoksistrobien (Cas no: 131860-33-8) Akute Giftigheid Inaseming Kategorie 4, H332; Waterlewend Akut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (25 % m/v).

1,2-bensisotiasolien-3-oon (Cas no: 2634-33-5) Vel Allergie Kategorie 1, H317 (< 10 % m/v).

NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van 'n ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

- | | |
|--------------------------------------|--|
| INGEASEM: | <ul style="list-style-type: none">• Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe.• MOENIE mond-tot-mond-asemhaling toepas indien die slagoffer die stof opgeneem of ingeasem het nie; was gesig en mond voordat kunsmatige asemhaling toegepas word. Gebruik 'n sakmasker toegerus met 'n eenrigtingklep of ander geskikte mediese asemhalingtoestel. |
| VEL: | <ul style="list-style-type: none">• Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Kry mediese hulp.• Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort.• Spoel aangetaste areas met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur. |
| OË: | <ul style="list-style-type: none">• Spoel oë versigtig met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede van mekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen.• Hou aan met spoel terwyl ooglede van mekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur. |
| OPNEMING: | <ul style="list-style-type: none">• Indien ingesluk MOENIE vomering aanmoedig nie, tensy deur 'n gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen. Laat persoon slukkies van 'n glas water neem indien in staat om te sluk.• Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie. Kry mediese hulp. |
| NOTA AAN GENEESHEER: | <ul style="list-style-type: none">• Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt. |
| MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE: | <ul style="list-style-type: none">• Gevolge van blootstelling (inaseming, OPNEMING of velkontak) aan stof kan vertraag wees. |

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: **OBSTRUCTO 250 SC** is 'n groepkode (11) swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **OBSTRUCTO 250 SC** of enige ander groepkode (11) swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **OBSTRUCTO 250 SC** of enige ander groepkode (11) swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- ▶ vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes,
- ▶ raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes,
- ▶ integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

OBSTRUCTO 250 SC moet altyd as 'n voorkomende bespuiting toegedien word. Wissel **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings af met geregistreerde swamdoder uit 'n ander chemiese klas as strobilurien. Moet nooit enige van die strobilurien of verwante middels in dieselfde program saam met **OBSTRUCTO 250 SC** gebruik nie.

WERKINGSWYSE

Asoksistrobien behoort aan die strobilurien klas swamdoders (swamdoder groepkode (FRAC)-groep 11). Strobilurien, ook bekend as QoI swamdoders, inhibeer mitochondriale respirasie wat lei tot 'n energietekort in die swamselle deur energieproduksie te staak wat swamdood veroorsaak (inhibeer spoorontkieming, miseliumgroei en sporulering).

GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

WAARSKUWING:

OBSTRUCTO 250 SC mag fitotoksiese simptome van kernvrugte induseer as spuitstofwegdrywing plaasvind. Moenie **OBSTRUCTO 250 SC** in die omgewing van kernvrugboorde gebruik nie.

VERENIGBAARHEID:

OBSTRUCTO 250 SC is verenigbaar met **Endura® 125 SC** (L8905), mankoseb, koperoksichloried, minerale olie, **Sporekill®** (L7115) en buffers. Wanneer **OBSTRUCTO 250 SC** toegedien word as tenkmengsel in sitrus saam met mankoseb of koperoksichloried en minerale olie of **Sporekill®** moet geen ander chemiese middel daarmee saam toegedien word nie. Dit word aanbeveel om altyd eers 'n fisiese mengbaarheidstoets te doen wanneer **OBSTRUCTO 250 SC** as tenkmengsel met ander swamdoders en/of insekmiddels toegedien word.

MENGINSTRUKSIES:

Maak mengtenk halfvol met skoon water. Skud die **OBSTRUCTO 250 SC** houër deeglik voor gebruik en meng die aanbevole hoeveelheid vooraf in ten minste 10 ℓ water. Meng enige ander produk vooraf *afsonderlik* op dieselfde wyse. Terwyl mengtenk geroer word, voeg die vooraf gemengde produkte in die volgende volgorde by: benatbare poeiers, water oplosbare korrels, suspensie konsentrate, emulsifiseerde konsentrate en laastens oplosbare konsentrate. Vul mengtenk met skoon water tot by verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. Roer mengsel deeglik voor en deurgaans tydens toediening. Aangemaakte spuitmengsel **MOENIE** in spuittenk gelaat word vir onbepaalde tyd, bv. oornag nie. Maak alle toerusting deeglik skoon na gebruik en gooi afvalwater weg waar dit nie die omgewing sal besoedel nie.

TOEDIENINGSMETODE:

Grondtoediening: **OBSTRUCTO 250 SC** kan toegedien word met enige geskikte medium- tot hoëvolume spuitapparaat mits dit korrek gekalibreer is, dit oor doeltreffende roer-meganisme beskik en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlak te versprei.

Lugtoediening: Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing wat gespuit word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie toelaat dat die spuitnewel oor water dryf of daaroor spuit of dat dit die aanliggende gebied besoedel nie. **OBSTRUCTO 250 SC** kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- ▶ **Volume:** 'n Spuitmengsel van 30 – 35 ℓ per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- ▶ **Druppelbedekking:** 25 – 35 druppels / cm² moet op die teikenarea herwin word.
- ▶ **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 – 300 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- ▶ **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 m. Moet nie spuit wanneer vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- ▶ Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- ▶ Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 – 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- ▶ Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droë-boltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- ▶ Stop bespuiting indien die windspoed 15 km per uur oorskry.
- ▶ Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- ▶ Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- ▶ Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- ▶ Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

GEWAS AANBEVELINGS:

In geval van reën twee uur na toediening, of voordat die spuitneerslag heeltemal droog geword het, moet die toediening herhaal word.

Aartappels:

- ▶ Dien **OBSTRUCTO 250 SC** toe in 'n voorkomende spuitprogram, afgewissel met **chlorothalonil 720 SC**, met weeklikse spuit intervalle.

- ▶ Begin met behandeling voordat siekte waargeneem word, of sodra klimaatstoestand bevorderlik is vir die ontwikkeling van die siekte. Goeie bedekking tydens toediening is noodsaaklik.
- ▶ Die eerste twee (2) tot drie (3) toedienings word met **chlorothalonil 720 SC** gedoen, gevolg met toediening van **OBSTRUCTO 250 SC** een (1) week later tydens die vroeë blomperiode. Wissel elke sewe dae daarna met **chlorothalonil 720 SC** af tot met 'n maksimum van drie (3) **OBSTRUCTO 250 SC** bespuitings (sien "Weerstandswaarskuwing"). Daarna gaan voort met **chlorothalonil 720 SC** toedienings vir res van die groei seisoen.
- ▶ Moenie **OBSTRUCTO 250 SC** gebruik vir meer as 30 % (normaalweg drie) van die totale aantal toedienings in die **OBSTRUCTO 250 SC/chlorothalonil 720 SC** spuitprogram nie.
- ▶ Moenie **OBSTRUCTO 250 SC** toedien as die eerste of die laaste bespuiting in die program nie.
- ▶ Dien **chlorothalonil 720 SC** toe teen die aanbeveelde toedieningshoeveelhede soos op etiket.
- ▶ As die siekte reeds ontwikkel het by aanvang van spuitprogram, moet eerder minstens twee bespuitings met 'n geregistreerde sistemiese produk soos **TebuCure 250 EW** (L7992) uitgevoer word voordat die **OBSTRUCTO 250 SC** voorkomende program in aanvang neem.
- ▶ Die twee (2) tot drie (3) **chlorothalonil 720 SC** bespuitings kan vervang word met **metalaxyl**, indien wel, volg **metalaxyl** etiket vir toedieningshoeveelhede.
- ▶ Die voorgestelde spuitprogram sal ook laatroes (*Phytophthora infestans*) beheer.
- ▶ **In-voor aanwending:** Om grond-gedraagde siektes soos swartskurf (*Rhizoctonia solani*), silwerskurf (*Helminthosporium solani*) en swartvlek (*Colletotrichum coccodes*) te beheer, kan **OBSTRUCTO 250 SC** aangewend word deur direk in die oop vore aan te wend; na die plasing van die saadaartappels (moere), maar voor die vore met grond toegemaak word.
- ▶ Voorkom infeksie deur grondpatogene, deur die volwasse knolle so gou as moontlik te oes.
- ▶ MOENIE aanwend onder toestande wat gunstig is vir bakteriese bederf van moere nie; op moere met 'n verhoogde risiko van bederf; wanneer moere in warm sanderige grond geplant word, aangesien die addisionele vog in die toediening die risiko van bakteriese bederf verhoog.

Avokado's:

- ▶ Dien toe as 'n hoë volume bespuiting om volledige bedekking van bome te verkry (5 – 50 ℓ/boom, afhangende van boom ouderdom en grootte).
- ▶ Dien twee (2) opeenvolgende bespuitings, 28 dae uit mekaar toe.
- ▶ Moenie meer as twee (2) bespuitings per seisoen toedien nie.
- ▶ Vir 'n volledige beheerprogram, moet **OBSTRUCTO 250 SC** gebruik word in 'n program met koperoksichloried, soos aanbeveel op die etiket.

Bessies (bloubessies, braambessies, bosbessies, doubessies (insluitende boysenbessies en loganbessies) appelliefies, frambose, swartbessies en korente):

- ▶ Moenie meer as twee (2) opeenvolgende **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings maak nie. Na twee **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings, wissel af met 'n onverwante swamdoder, vanuit 'n ander swamdoder groeikode.

Droë Bone:

- ▶ Moenie meer as twee (2) **OBSTRUCTO 250 SC** bespuitings op droë bone, per seisoen toedien nie.
- ▶ Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram met ander geregistreerde swamdoders soos **TebuCure 250 EW** (L7992).
- ▶ **OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram toegedien word nie.
- ▶ Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik nie.
- ▶ Dien twee (2) voorkomende bespuitings 14 dae uitmekaar, as voldekbespuiting vanaf blomvorming, toe.

Granate:

- ▶ **OBSTRUCTO 250 SC** sal slegs effektief wees indien dit in 'n voorkomende spuitprogram toegedien word.
- ▶ Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram in met ander geregistreerde middels, met ander swamdoder groeikodes, soos **TebuCure 250 EW** (L7992), indien meer as twee (2) toedienings benodig word om die siekte te beheer.
- ▶ Slegs twee (2) **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings kan per seisoen op granate toegedien word.
- ▶ Dien toe as 'n hoë volume voldekbespuiting.
- ▶ Staak **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings sodra die eerste vrugte 20 mm deursnee bereik.

Water volume (ℓ) per hektaar benodig vir voldekbespuiting volgens boomry volume (BRV) berekening:

- **BRV (Volle Blad)**
ℓ water/ha = (Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte

Gebruik die water volume per hektaar om die hoeveelheid **OBSTRUCTO 250 SC** per hektaar benodig te bepaal, afhangende van die verskeie groei stadiums.

- **BRV (Tot +/- 30% blom)**
ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 60 %
- **BRV (Volblom tot +/- middel November)**
ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 80 %

Dit is belangrik dat die korrekte hoeveelheid **OBSTRUCTO 250 SC** per hektaar toegedien word.

Lae Volume Aanwending:

Wanneer 'n lae volume aanwending gebruik word, gebruik dieselfde hoeveelheid **OBSTRUCTO 250 SC** per hektaar soos bereken vir die voldekbespuiting.

Kanola:

- ▶ Moenie meer as drie (3) **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings per seisoen toedien nie.
- ▶ Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram in met ander geregistreerde swamdoders met ander swamdoder groeikodes.
- ▶ Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik nie.

Koolgewasse (Brassica):

- ▶ Moenie meer as twee (2) **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings op koolgewasse (Brassica) in een seisoen toedien nie.
- ▶ Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram in met ander geregistreerde swamdoders met ander swamdoder groepkodes.
- ▶ **OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram toegedien word nie.
- ▶ Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting toedien nie.

Koring en Gars:

- ▶ Dien **OBSTRUCTO 250 SC** toe as voorkomende behandeling in 'n tenkmengsel saam met **Endura® 125 SC** (L8905). Dien die eerste bespuiting nie later as die 7-blaar stadium toe nie.
- ▶ Dien 'n tweede behandeling 3 tot 4 weke later toe indien siektedruk opgemerk word, gewoonlik teen vlagblaaar stadium, voor aar verskyning.

Mango's: Sien "Sitrus en Mango's"

Mielies en Suikermielies:

- ▶ **OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram toegedien word nie.
- ▶ Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik nie.
- ▶ Dien toe sodra die eerste simptome op die onderste 3 tot 5 blare waargeneem word, maar voor die infestasielvlak 3 % van die totale blaaroppervlak bereik.
- ▶ In die geval van medium tot lang seisoen basters, waar die eerste bespuiting met **OBSTRUCTO 250 SC** gedoen is binne drie (3) weke vanaf bestuiwing, moet 'n opvolgbespuiting binne 4 – 5 weke later met **difenkonasool** bevattende middel gedoen word.
- ▶ Waar die aanvanklike bespuiting met **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n baie vroeë stadium gedoen word, mag 'n derde bespuiting nodig wees. In sulke gevalle word die eerste twee bespuitings met **OBSTRUCTO 250 SC** 4 – 5 weke uitmekaar gemaak, en daarna opgevolg met **difenkonasool** bevattende produk 4 – 5 weke na die tweede **OBSTRUCTO 250 SC** bespuiting.

Pampoengewasse (Cucurbits):

- ▶ Moenie meer as twee (2) **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings in een seisoen aanwend nie.
- ▶ Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram in met ander geregistreerde swamdoders met ander swamdoder groepkodes.
- ▶ **OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram toegedien word nie.
- ▶ Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting toedien nie.

Rissies:

- ▶ Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram in met ander geregistreerde swamdoders met ander swamdoder groepkodes.
- ▶ Die aantal **OBSTRUCTO 250 SC** aanwendings kan 30 % (maksimum 6) van die totale hoeveelheid swamdoder aanwendings wees.
- ▶ **OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram toegedien word nie.
- ▶ Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting toedien nie.

Steenvrugte

- ▶ Dien **OBSTRUCTO 250 SC** toe in 'n voorkomende spuitprogram.
- ▶ Na twee (2) opeenvolgende **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings, wissel af met 'n swamdoder van 'n ander weerstandgroep.
- ▶ Moenie meer as 30 % van die totale aantal toedienings per seisoen met **OBSTRUCTO 250 SC**, of met swamdoders wat aan dieselfde weerstandgroep behoort, maak nie.

Sitrus & Mango's:

- ▶ Omdat **OBSTRUCTO 250 SC** beperkte genesende eienskappe het, moet dit altyd as 'n voorkomende bespuiting aangewend word.
- ▶ Snoei laaghangende takke en snoei spuitvensters in diggroeïende bome teen 45 % van die spuitlyne om indringing en bedekking met die spuitmengsel te bevorder.
- ▶ Dien toe as 'n hoë volume bespuiting om volledig bedekking van bome te verkry.
- ▶ **Verwyder alle buite seisoen sitrus vrugte voor die spuitprogram begin word.**
- ▶ Produk effektiwiteit kan swakker wees as **OBSTRUCTO 250 SC** gebruik word op bome met *Phytophthora*-wortelvrot simptome, aalwurm infestasies, virus infeksies of as bome enige ander fisiologiese stres.

Tamaties:

- ▶ Dien **OBSTRUCTO 250 SC** toe in 'n voorkomende spuitprogram afgewissel met **chlorothalonil 720 SC**, met weeklikse intervalle.
- ▶ Begin met behandeling voordat siekte waargeneem word, of sodra klimaatstoestand bevorderlik is vir die ontwikkeling van laatroes. Goeie bedekking tydens toediening is noodsaaklik.
- ▶ Dien twee (2) tot drie (3) toedienings van 'n geregistreerde **chlorothalonil 720 SC** toe, gevolg met 'n toediening van **OBSTRUCTO 250 SC** een (1) week later tydens die vroeë blomperiode. Wissel elke sewe (7) dae daarna met **chlorothalonil 720 SC** af tot met 'n maksimum van ses (6) **OBSTRUCTO 250 SC** bespuitings (sien "Weerstandswaarskuwing"). Daarna gaan voort met **chlorothalonil 720 SC** toedienings vir die res van die groei seisoen.
- ▶ Moenie **OBSTRUCTO 250 SC** gebruik vir meer as 30 % (maksimum ses) van die totale aantal toedienings in die **OBSTRUCTO 250 SC/chlorothalonil 720 SC** spuitprogram nie.
- ▶ Moenie **OBSTRUCTO 250 SC** toedien as die eerste of die laaste bespuiting in die program nie.
- ▶ Dien **chlorothalonil 720 SC** toe teen die aanbeveelde toedieningshoeveelhede soos op etiket.
- ▶ As laatroes reeds ontwikkel het by aanvang van die spuitprogram, dien minstens twee (2) bespuitings met 'n geregistreerde sistemiese produk toe voordat die **OBSTRUCTO 250 SC** program soos bo beskryf, in aanvang neem.

- Die twee (2) tot drie (3) **chlorothalonil 720 SC** bespuitings kan vervang word met **metalaxyl**, indien wel, volg **metalaxyl** etiket vir toedieningshoeveelhede.
- Die voorgestelde spuitprogram sal ook vroeë roes beheer.

Tropiese Vrugte:

- Dien **OBSTRUCTO 250 SC** toe in 'n voorkomende spuitprogram.
- Na twee (2) opeenvolgende **OBSTRUCTO 250 SC** toedienings, wissel af met 'n swamdoder van 'n ander weerstandgroep groepering.
- Moenie **OBSTRUCTO 250 SC**, of enige ander groepkode (11) swamdoder, gebruik vir meer as 30 % van die totale aantal toedienings in die spuitprogram nie.

Uie:

- Sluit **OBSTRUCTO 250 SC** in 'n spuitprogram in met ander geregistreerde middels, met ander swamdoder groepkodes, indien meer as twee toedienings benodig word om die siekte te beheer.
- Moenie meer as twee (2) **OBSTRUCTO 250 SC** bespuitings op uie toedien per seisoen nie.
- OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram toegedien word nie.
- Moet nooit **OBSTRUCTO 250 SC** as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik nie.
- Dien twee (2) voorkomende voldekbepuitings toe, twee weke (14 dae) uitmekaar sodra die blaarbasis begin verdik. **OBSTRUCTO 250 SC** kan ook later in die seisoen gebruik word as toestande vir die ontwikkeling van die siekte gunstig raak.
- Dien toe as 'n voldekbepuiting. Gebruik 'n benattingsmiddel.

Wingerd, Tafel- en Wyndruive:

- Dien **OBSTRUCTO 250 SC** altyd toe as voorkomende behandeling. Moet nie minder as twee (2), maar nie meer as drie (3) opeenvolgende bespuitings per seisoen toedien nie.
- Na die laaste **OBSTRUCTO 250 SC** toediening, moet 'n ander geregistreerde middel met 'n ander swamdoder groepkode gebruik word.
- In gevalle waar albei siektes teenwoordig is nadat **OBSTRUCTO 250 SC** toegedien is, gebruik 'n geregistreerde middel van 'n ander groepkode as **OBSTRUCTO 250 SC** om die siektes te beheer.
- Moenie ander strobilurien bevattende produkte of ander swamdoders van dieselfde groepkode saam met **OBSTRUCTO 250 SC** in dieselfde spuitprogram gebruik nie.
- OBSTRUCTO 250 SC** moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram gebruik word en ook nie as 'n opvolgbespuiting na 'n onsuksesvolle bespuiting toegedien word nie.
- Moenie **OBSTRUCTO 250 SC** teen verlaagde dosisse of op steggies in kwekerye gebruik nie.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	DOSIS per 100 ℓ water (of soos aangedui)	OPMERKINGS
AARTAPPELS Vroeë-roes (<i>Alternaria solani</i>)	<u>Grondtoediening</u> 300 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC <u>Lugtoediening</u> 330 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC	Verwys ook na "Gewas Aanbevelings" hierbo. Dien OBSTRUCTO 250 SC toe in 'n spuitprogram met Chlorothalonil 720 SC (1 – 2 ℓ/ha) soos hierbo beskryf. Die voorgestelde program sal ook laatroes beheer. Verwys ook na "Lugtoedieningsinstruksies" hierbo.
Swartvlek (<i>Colletotrichum coccodes</i>) Swartskurf (<i>Rhizoctonia solani</i>) Silverskurf (<i>Helminthosporium solani</i>)	<u>In-voor aanwending</u> 20 mℓ OBSTRUCTO 250 SC in 1 tot 3 ℓ water, direk toegedien per 100 m voor	Verwys ook na "Gewas Aanbevelings" hierbo. Dien 20 mℓ OBSTRUCTO 250 SC , in 1 tot 3 ℓ water, per 100 m voor toe. Spuit in 'n band van 15 – 20 cm voor die aartappelmoere met grond bedek word. Gebruik 'n watervolume wat nie die bestaande saadbehandelings sal afwas nie. Vir die effektiewe beheer van swartskurf, silverskurf en swartvlek, oes die aartappels dadelik na skil vorming.
AVOKADOS Cercospora vlek (<i>Pseudocercospora purpurea</i>) Dothiorella vrugvrot (<i>Dothiorella aromatica</i>) Antraknose (<i>Colletotrichum gloeosporioides</i>)	30 mℓ OBSTRUCTO 250 SC PLUS 250 mℓ ligte smalbestek minerale olie	Verwys ook na "Gewas Aanbevelings" hierbo. Dien toe as 'n hoë volume bespuiting. Dien toe as twee (2) opeenvolgende bespuitings, 28 dae uitmekaar. Moenie meer as twee (2) bespuitings per seisoen toedien nie. Vir 'n volledige beheerprogram, moet OBSTRUCTO 250 SC gebruik word in 'n program met koperoksichloried soos aanbeveel op die etiket.
BESSIES Bloubessies, braambessies, bosbessies, doubessies (insluitende boysenbessies en loganbessies) appelliefies, frambose, swartbessies en korente	440 – 1 100 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC	Begin OBSTRUCTO 250 SC toedienings voor die aanvang van siekte en herhaal met 7 – 10-dag intervalle. Slegs drie (3) OBSTRUCTO 250 SC toedienings kan per seisoen toegedien word. Wissel af met 'n onverwante swamdoder, vanuit 'n ander swamdoder groepkode, na twee (2) opeenvolgende OBSTRUCTO 250 SC toedienings. 'n Adjuvant kan bygevoeg word teen aanbevole dosis.

<p>Poeieragtige meeldou (<i>Sphaerotheca</i> spp.)</p> <p>Alternaria vrugvrot (<i>Alternaria</i> spp.)</p> <p>Antraknose (<i>Colletotrichum</i> spp.)</p>		<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p>
<p>DROËBONE</p> <p>Antraknose (<i>Colletotrichum lindemuthianum</i>)</p>	<p>400 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien voorkomend toe as 'n voldekbepuiting in genoeg water om volledige benatting te verseker. Dien toe in twee (2) opeenvolgende bespuitings 14 dae uitmekaar, begin met blomvorming.</p> <p>OBSTRUCTO 250 SC sal ook roes (<i>Uromyces appendiculatus</i>) indien teenwoordig beheer.</p>
<p>GARS</p> <p>Blaarvlek (<i>Rhynchosporium secalis</i>)</p> <p>Bruin roes (<i>Puccinia hordei</i>)</p> <p>Netvlek (<i>Pyrenophora teres</i>)</p> <p>Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe graminis</i>)</p>	<p>400 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC PLUS 800 mℓ/ha ENDURA® 125 SC</p> <p>Spuitvolumes <u>Grondtoediening:</u> 200 – 400 ℓ water/ha</p> <p><u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien die eerste bespuiting STRENG VOORKOMEND, (voor die voorkoms van siektesimptome) toe.</p> <p>Dien die eerste behandeling nie later as die 7-blaar stadium toe nie. Dien 'n tweede behandeling 3 tot 4 weke later toe indien siektedruk opgemerk word (gewoonlik teen vlagblaarstadium, voor aarverskyning).</p> <p>Verwys ook na “Lugtoedieningsinstruksies” hierbo.</p>
<p>GRANATE</p> <p>Alternaria vrugvrot (<i>Alternaria alternata</i>)</p> <p>Botrytis vrugvrot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>40 mℓ/100 ℓ</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien OBSTRUCTO 250 SC toe op bloeisels en jong vrugte in 'n hoë volume voldekbepuiting, gebruik die BRV berekening in “Gewas Aanbevelings” hierbo om die water volume benodig per hektaar te bepaal.</p> <p>Dien OBSTRUCTO 250 SC toe in 'n voorkomende spuitprogram, in 'n 21 dae interval.</p> <p>Maksimum van twee (2) OBSTRUCTO 250 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.</p> <p>Nota: Vir residu bestuur: Staak OBSTRUCTO 250 SC toedienings sodra die <u>eerste vrugte 20 mm</u> deursnee bereik. Vir residu bestuur, moenie later as November toedien nie.</p>
<p>KANOLA</p> <p>Alternaria swartvlek (<i>Alternaria</i> spp.)</p> <p>Swartstam (<i>Leptosphaeria maculans</i>)</p> <p>Sclerotinia stamvrot (<i>Sclerotinia sclerotiorum</i>)</p>	<p>500 – 1000 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien OBSTRUCTO 250 SC voor die voorkoms van siektesimptome toe. Moenie meer as drie (3) OBSTRUCTO 250 SC toedienings in een seisoen toedien nie.</p> <p>Wissel af tussen elke OBSTRUCTO 250 SC aanwending met 'n onverwante swamdoder, vanuit 'n ander swamdoder groeppkode.</p> <p>Onder toestande gunstig vir siekte ontwikkeling, moet die hoër dosis aangewend word.</p> <p>Dien toe as 'n voldek grond bespuiting in 'n minimum water volume van 100 ℓ/ha.</p> <p><u>Aanbevole aanwendings:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ▶ 500 mℓ/ha by vroeë blom stadium ▶ 1000 mℓ/ha 45 dae voor oes ▶ 500 mℓ/ha 30 dae voor oes <p><u>Aanbevelings vir spesifieke siektes se beheer:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> ▶ Swartstam: Dien toe op die 2 tot 4-blaar-stadium. ▶ Alternaria swartvek en Sclerotinia stamvrot: Dien 660 – 1000 mℓ/ha toe met 10 – 25 % blom, ongeveer 7 – 10 dae na die begin van blom. ▶ Slegs vir Alternaria swartvlek beheer: Dien 580 mℓ/ha toe tydens 95 % blom val /peulstadium.
<p>KOOLGEWAASE (BRASSICAS)</p> <p>Witroes (<i>Albugo candida</i>)</p>	<p>500 – 750 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien toe as 'n voldek voorkomende aanwending wanneer weersomstandighede gunstig raak vir die ontwikkeling van witroes. Dien die hoër dosis toe tydens verhoogde siekte druk. Twee (2) OBSTRUCTO 250 SC toedienings kan aangewend word met 'n 7-dag interval. Dien toe in 450 – 750 ℓ water/ha.</p>

<p>KORING Bruin roes (<i>Puccinia triticina</i>)</p> <p>Oogvlek (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>)</p> <p>Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe graminis</i>)</p> <p>Stamroes (<i>Puccinia graminis</i>)</p> <p>Streeproes (<i>Puccinia striiformis</i>)</p> <p>Vaalblaar en Bruinaarsiekte (<i>Septoria</i> spp.)</p>	<p>400 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC PLUS ENDURA® 125 SC 800 mℓ/ha</p> <p>Spuitvolumes <u>Grondtoediening:</u> 200 – 400 ℓ water/ha</p> <p><u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien die eerste bespuiting STRENG VOORKOMEND, (voor die voorkoms van siektesimptome) toe.</p> <p>Dien die eerste behandeling tussen 5- en 7-blaar stadium toe. Dien die tweede behandeling 3 tot 4 weke later toe indien siektedruk opgemerk word (gewoonlik met vlagblaarstadium, voor aarverskyning).</p> <p>Verwys ook na “Lugtoedieningsinstruksies” hierbo.</p>
<p>MANGO Antraknose (<i>Colletotrichum gloeosporioides</i>)</p>	<p>40 mℓ OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>Dien slegs as ’n hoë volume spuit aanwending toe. Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Begin die spuitprogram met ’n OBSTRUCTO 250 SC toediening vanaf volblom tot vrugset (blomblaarval). Volg op met ’n tweede OBSTRUCTO 250 SC toediening nie later as 21 dae voor oes. Hierdie behandelings sal ook die volgende siektes onderdruk, stingelendvrot (<i>Dothiorella dominicana</i>, <i>Lasiodiplodia theobromae</i> en <i>Phomopsis mangiferae</i> kompleks), blomendvrot en sagte bruinvrot (<i>Botryosphaeria</i> spp.) asook poeieragtige meeldou (<i>Oidium mangiferae</i>). Om volle beheer van poeieragtige meeldou te verkry, word aanbeveel dat OBSTRUCTO 250 SC in ’n program met Swael 800 WG and Propiconazole 250 EC produkte teen die geregistreerde aanbevole dosisse gebruik word.</p>
<p>MIELIES EN SUIKERMIELIES Grysblaarvlek (<i>Cercospora zea-maydis</i>)</p> <p>Roes (<i>Puccinia sorghi</i>)</p>	<p>Grond- en lugtoediening <u>Enkelbespuiting</u> 400 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC (een aanwending)</p> <p>OF</p> <p>Enkele OBSTRUCTO 250 SC bespuiting (300 mℓ/ha) gevolg deur ’n enkele difenokonasool bespuiting (300 mℓ/ha)</p> <p>OF</p> <p><u>Dubbel bespuiting</u> Twee OBSTRUCTO 250 SC bespuitings (300 mℓ/ha) gevolg deur ’n enkele toediening met difenokonasool (300 mℓ/ha)</p> <p>Spuitvolumes (in water/ha) Trekker: 300 – 450 ℓ Hoëbalk trekker: 150 – 300 ℓ Lugtoediening: 40 ℓ Rugsaktoediening: 60 – 70 ℓ</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien toe sodra die eerste simptome op die onderste 3 tot 5 blare waargeneem word, maar voor die infestasiëvlak 3 % van die totale blaaroppervlak bereik.</p> <p>In die geval van medium tot lang seisoen kultivars, waar die eerste bespuiting met OBSTRUCTO 250 SC gedoen is binne 3 weke vanaf bestuiwing, moet ’n opvolgbespuiting binne 4 – 5 weke later met difenokonasool bevattende produk gedoen word.</p> <p>Waar die aanvanklike bespuiting met OBSTRUCTO 250 SC in ’n baie vroeë stadium gedoen word, mag ’n derde bespuiting nodig wees. In sulke gevalle word die eerste twee (2) bespuitings 4 – 5 weke uitmekaar met OBSTRUCTO 250 SC gemaak. Die derde (laaste) bespuiting, 4 – 5 weke na die tweede OBSTRUCTO 250 SC bespuiting, moet saam met ’n difenokonasool bevattende produk toegedien word.</p> <p>OBSTRUCTO 250 SC moet nooit eerste of laaste in ’n spuitprogram gebruik word nie.</p> <p>OBSTRUCTO 250 SC moet nie as ’n opvolgbespuiting na ’n onsuksesvolle bespuiting met ’n ander middel toegedien word nie.</p> <p>Verwys ook na “Lugtoedieningsinstruksies” hierbo.</p>
<p>WAARSKUWING:</p> <p>MIELIETOEDIENINGS: Die risiko van gestremde kopontwikkeling of “Arrested Ear Syndrome” (AES) op mielies neem dramaties toe wanneer enige toedienings (gewasbeskermingsprodukte, kunsmis, blaarvoeding, byvoegmiddels, ens.) tussen die V10 – VT (10^{de} blaar tot pluim verskyning) stadiums toegedien word. Toedienings tussen die V10 – VT groeistadiums van die gewas moet sover moontlik vermy word.</p>		
<p>PAMPOENGWASSE Poeieragtige meeldou (<i>Sphaerotheca fuliginea</i>/<i>Erysiphe cichoracearum</i>)</p>	<p>400 – 500 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien die hoër dosis toe tydens verhoogde siektedruk. Moet nie toedien met ’n minerale olie adjutant/benattingsmiddel nie. Dien die eerste aanwending toe met die begin van blom stadium. Twee (2) OBSTRUCTO 250 SC toedienings kan aangewend word met ’n 7-dag interval.</p>
<p>RISSIES Poeieragtige meeldou (<i>Leveillula taurica</i>)</p>	<p>60 mℓ OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo.</p> <p>Dien toe as ’n voldek voorkomende aanwending. Dien twee (2) aanwendings toe met ’n 7-dag interval met die begin van blom stadium. Die aantal OBSTRUCTO 250 SC aanwendings kan 30 % (maksimum van 6) van die totale hoeveelheid swamdoder aanwendings wees.</p>
<p>STEENVRUGTE (Appelkose, nektariens, perskes en pruime)</p>	<p>55 mℓ OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>OBSTRUCTO 250 SC mag fitotoksiese simptome van kernvrugte induseer as spuitstofwegdrywing plaasvind. Moenie OBSTRUCTO 250 SC in die omgewing van kernvrugboorde gebruik nie.</p>

<p>Na-oes bederf Bruinvrot/ Bloeiselskroei (<i>Monilinia laxa</i>)</p> <p>Grys skimmel (<i>Botrytis cinerea</i>)</p> <p>Poeieragtige meeldou (<i>Sphaerotheca pannosa</i>)</p>	<p>(minimum van 880 mℓ tot maksimum van 1 100 mℓ/ha OBSTRUCTO 250 SC)</p>	<p>Dien toe as 'n hoë volume bespuiting. Verwys ook na "Gewas Aanbevelings" hierbo. Vir bloeiselskroei, begin eerste toediening met vroeë blom en hou met toedienings aan tot en met blomblaarval.</p> <p>Vir na-oes bederf beheer van bruinvrot en grys skimmel op vrugte kan OBSTRUCTO 250 SC twee keer voor oes toegedien word, met 'n 14-dag interval, tot en met een dag voor oes. Verseker goeie bedekking van vrugte tydens toediening.</p> <p>Vir poeieragtige meeldou beheer, begin toedienings met die eerste simptome, aangesien OBSTRUCTO 250 SC slegs as 'n beskermende swamdoder optree. Gaan voort met toedienings in 7 – 14-dae intervalle.</p>
<p>SITRUS</p>		<p>Verwys ook na "Gewas Aanbevelings" hierbo.</p> <p>Dien slegs toe as 'n hoë volume spuit aanwending. Dien OBSTRUCTO 250 SC in 'n voorkomende spuitprogram toe. Moenie meer as drie (3) OBSTRUCTO 250 SC bespuitings per seisoen in die swamdoder siektebeheerprogram toedien nie. OBSTRUCTO 250 SC moet nooit laaste in 'n boord spuitprogram toegedien word nie.</p>
<p>Botrytis bloeiselsversenging (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>20 mℓ OBSTRUCTO 250 SC</p>	<p>BOTRYTIS BLOEISELVERSENGING: Dien die eerste Botrytis bloeiselsversenging toediening tydens blom toe. Twee (2) – drie (3) OBSTRUCTO 250 SC kan toegedien word met twee- tot drie-week intervalle, afhangende van die kultivar en siektedruk. Verseker deeglike bedekking. OBSTRUCTO 250 SC MOENIE kuratief toegedien word nie. Indien die spuitprogram 'n swamdoder groepkode (11) swamdoder na blom insluit, moet die Botrytis bloeiselsversenging beheerprogram met 'n swamdoder uit 'n ander swamdoder groepkode begin en beëindig word.</p>
<p>Swartvlek (<i>Guignardia citricarpa</i> sin. <i>Phyllosticta citricarpa</i>)</p>	<p>20 mℓ OBSTRUCTO 250 SC</p> <p>PLUS</p> <p>150 g van 'n geregistreerde mankoseb óf 150 g koperoksiechloried 850 g/kg WP</p> <p>PLUS</p> <p>300 mℓ ligte smal bestek minerale olie óf geregistreerde adjuvant óf 100 mℓ Sporekill®</p>	<p>SWARTVLEK: Vir effektiewe swartvlek beheer, is dit uiters belangrik dat alle buite seisoen vrugte verwyder word voor die aanvang van die spuitprogram.</p> <ul style="list-style-type: none"> Wanneer koperoksiechloried (850 g/kg) in 'n tenkmengsel gebruik word, gebruik 150 g/100 ℓ. <p>Swartvlek spuitprogram met twee (2) OBSTRUCTO 250 SC toedienings:</p> <ul style="list-style-type: none"> Begin die swartvlek spuitprogram in die lente met 'n geregistreerde kontakswamdoder toediening, soos bv. 100 mℓ SPOREKILL® PLUS koperoksiechloried of koperhidroksied (soos geregistreer) tydens 80 % blomblaarval/vrugset. Volg op met die eerste OBSTRUCTO 250 SC tenk-mengsel toediening. Spuitinterval hang af van kontakswamdoder registrasie. Dien die tweede OBSTRUCTO 250 SC tenk-mengsel na 6 weke (42 dae) toe. Finaliseer die spuitprogram 6 weke (42 dae) later met 'n toediening van 'n geregistreerde kontakswamdoder. Indien benodig, kan nog 'n rondte van 'n geregistreerde kontakswamdoder toegedien word om beskerming te verkry gedurende die laat seisoen periode. <p>ALTERNATIEWELIK</p> <p>Swartvlek spuitprogram met drie (3) OBSTRUCTO 250 SC toedienings:</p> <ul style="list-style-type: none"> Dien die eerste OBSTRUCTO 250 SC tenkmengsel tydens 80 % blomblaarval/vrugset toe. Volg op met nog TWEE (2) OBSTRUCTO 250 SC tenkmengsel toedienings met 'n 6 weke (42 dae) spuitinterval. Sluit die program af met 'n geregistreerde kontakswamdoder 6 weke (42 dae) na die 3^{de} OBSTRUCTO 250 SC tenkmengsel toediening. <p>Indien benodig, kan nog 'n rondte van 'n geregistreerde kontakswamdoder toegedien word om beskerming te verkry gedurende die laat seisoen periode.</p>
<p>Alternaria bruinvlek (<i>Alternaria alternata</i>)</p>		<p>ALTERNARIA BRUINVLEK: Begin die beheerprogram met twee (2) swamdoder aanwendings teen aanbeveelde etiket dosisse, met eerste aanwending wanneer eerste blare sigbaar is (first flush); bv. 100 mℓ SPOREKILL® PLUS 100 g koperoksiechloried (850 g/kg) of koperhidroksied, teen geregistreerde dosis. Volg op met een (1)</p>

		tot drie (3) aanwending(s) van OBSTRUCTO 250 SC tenk-mengsel toediening in ses week intervalle. Ses weke na die finale OBSTRUCTO 250 SC aanwending, voltooi die boord spuitprogram met die aanwending(s) van geregistreerde swamdoder(s) van ander swamdoder groepkode(s).
TAMATIE Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)	80 – 120 mL OBSTRUCTO 250 SC	Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo. Sluit OBSTRUCTO 250 SC in ’n voorkomende spuitprogram in wanneer weersomstandighede gunstig raak vir die ontwikkeling van laatroes. Dien OBSTRUCTO 250 SC in ’n spuitprogram toe met geregistreerde chlorothalonil 720 SC en metalaxyl produkte, soos aangedui op hul etikette. Hierdie voorgestelde spuitprogram sal ook vroeë-roes beheer.
TROPIESE VRUGTE (Grenadella, koejawel, lietsjie, papaja en tamatiepruim/persimmon)		Twee (2) opeenvolgende OBSTRUCTO 250 SC toedienings kan aangewend word in ’n swamdoder beheerprogram, met 10 – 14-dag intervalle, voor afgewissel word met ’n swamdoder van ’n ander swamdoder groepkode. Die aantal OBSTRUCTO 250 SC aanwendings, of enige swamdoder van die selfde weerstandsgroepkode, kan 30 % van die totale aantal swamdoder aanwendings per seisoen wees.
Antraknose (<i>Colletotrichum</i> spp.) Cercospora blaarvlek (<i>Cercospora</i> spp.) Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe</i> spp.) Roes (<i>Puccinia</i> spp.)	440 – 1100 mL/ha OBSTRUCTO 250 SC Lug/Grond toedienings	Sluit OBSTRUCTO 250 SC in ’n voorkomende spuitprogram in. ’n Adjuvant kan ingesluit word soos geregistreer.
Grondgedraagde siektes: Saailing-wortelvrot of Basale stingelverrotting (<i>Rhizoctonia solani</i>).	4 – 8 mL/100 m ry	
UIE Alternaria vlek (<i>Alternaria porri</i>) Stemphylium blaar vlek (<i>Stemphylium vesicarium</i>)	400 mL/ha OBSTRUCTO 250 SC	Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo. Dien voorkomend toe as ’n voldekbepuiting in genoeg water vir volledige benutting. Dien twee (2) opeenvolgende bespuitings toe 14 dae uitmekaar, sodra die blaar basisse begin verdik of later in die seisoen wanneer die weersomstandighede gunstig raak vir die ontwikkeling van die siekte.
WINGERD TAFEL- & WYN DRUIWE Donsskimmel (<i>Plasmopara viticola</i>) Poeieragtige meeldou (<i>Uncinula necator</i> ; <i>Oidium tuckeri</i>)	80 mL OBSTRUCTO 250 SC Spuitvolumes Voor blom stadium: 250 – 500 ℓ spuitmengsel per ha Tydens blom stadium: 500 – 750 ℓ spuitmengsel per ha Na blom stadium: 750 – 1000 ℓ spuitmengsel per ha	Dien slegs toe as ’n hoë volume spuit. Verwys ook na “Gewas Aanbevelings” hierbo. Begin met voorkomende toediening as die langste lote ± 10 cm lank is en herhaal met 10 – 14-dae spuit intervalle. Vir beheer van poeieragtige meeldou moet die spuitprogram begin word as lote 2.5 cm lank is met ’n ander geregistreerde chemiese middel van ’n ander swamdodergroep. OBSTRUCTO 250 SC moet verkieslik tydens blom tot ertjekorrelgrootte stadiums toegedien word, hoewel dit tydens enige stadium van die spuitprogram gebruik kan word.

ENDURA® 125 SC (Reg. Nr. L8905, Wet 36 van 1947), Sporekill® (Reg. Nr. L7115, Wet 36 van 1947) en TebuCure 250 EW (Reg. Nr. L7992, Wet 36 van 1947) is geregistreerde produkte van ICA International Chemicals.

SANB-AZ-008